S.A.W.A. BOSVELD
# Die Skadukol Nuusbrief
"IN DIE SKADU"
S.A.W.A. S.A.C.A.
Uitgawe 2.2 Mei 2013

Hi daar Bosvelders

Wat 'n lekker naweek...
Selfs die koue aande en oggende kon nie eers ons gees blus nie.
Boonop alles is Bosveld nog 3 lede ryker...
Saterdag, Potjiekos kompetisie... Mense was dit nou 'n taak om die potjies te beoordeel... Van hoender tot bees, van skaap tot wild, daar was iets van alles... En boonop was dit 'n reuse sukses.
As 'n mens so in die paadjie afloop sien jy net Bosvelders agter Potjies... nie eers te praat van al die reuke en geure wat daar was nie...
Dit was egter so of die naweek te kort was, want toe ek myself weer kry, is ons besig om op te slaan...
Ek wil spesifiek die volgende mense uitwys en bedank,
My wederhelfte, Lizelle en Babs Senekal, wat my onsettend baie gehelp het met die organisering en die oordeling prosedure behartig het. Hulle het gesorg dat ons (beoordeelaars) nie weet wie watter pot gemaak het nie, en ek dink dit was baie regverdig... Ons het bloot op nommers gewerk en net Lizelle en Babs het geweet wie se nommer is wie s'n...
Tweedens wil ek vir Oom Eddie en sy span by Brits Woonwaens bedank vir die pryse wat hulle vir ons geborg het.
Onder andere was 'n nommer ½ potjie, net groot genoeg as jy net vir 2 gougou 'n potjie maak, 'n groot en 'n klein deksel-houer...
Ons wenners was:
1: Oom Buks en Tannie Lettie Möller
2: Roelf en Hettie Brewis
3: Brian en Minethe Owen

Baie geluk aan julle!
Maar tog wil ek ook net verder gaan om te sê dat elkeen se pot baie-baie naby was en dat die punte slegs met enkele gatalle verskil het...
So, in my oë is julle almal wenners...
Ek wil ook aan Theo en Babs Senekal, ons Kampkommandante, baie dankie sê vir al hulle hulp met die organisering van die naweek. Ons sal beslis weer op hulle knoppie druk...
Meer oor die kamp in die Nabetraging...

Dan, Manyane... Ons is alreeds oorvol !!!
Ons het slegs 64 staanplekke en alreeds 84 waens, so ongelukkig kan ons geen meer besprekings vat nie...
Meer hieroor in die Voorsittersverslag...

Dube, 24 tot 26 Mei...
Julle moet ons asseblief laat weet wie gaan saam kom kamp.
Daar is alreeds 'n paar bosvelders wat klaar vir my gesê het dat hulle gaan kom by Klein Paradys.
Onthou, weereens is staanplekke beperk, so laat weet my so gou as moontlik sodat ons julle name op die lys kan kry...
Meer hieroor op Bladsy 4.

Tot volgende keer...

Bosveldgroete.

*Roelf & Lizelle Brewis*

## Nabetraging: Klein Paradys Caravan Park

Met aankoms Vrydag was daar alreeds 'n paar Bosvelders en besoekers wat al rustug verkeer het.

Die oord was soos altyd pragtig en skoon en jy kry sommer daai welkom gevoel as jy daar inry.

Teen Saterdag-middag kon geeneen sy honger beteul nie, want die reuk van al die potjies het by niemand verby gegaan nie.
Saterdag aand het die vure al vroeg gebrand, wat 'n duidelike teken is van die winter wat hier is, en ek dink almal sal saam stem wat is n kamp sonder n vuur.

Dankie aan Oom Buks vir die waarneming van die boekevat en aan Ashan vir die wonderlike boodskap Sondag-oggend.

Daar is nie veel meer om te sê oor die naweek nie behalwe dat dit baie lekker en suksesvol was.

Dankie aan almal en ek hoop julle het die naweek geniet soos ek dit geniet het.

Bosveld Groete.

Theo Senekal

## Kamp Statistiek: Klein Paradys

SAWA Bosveld Lede Teenwoordig (Kamp Statistiek)

| Lid Nommer | Lid Naam | Alg. Kamp # | Eie Kamp # | Meriete |
|---|---|---|---|---|
| 10064 | JRP Brewis (snr) | 127 | 112 | 185 |
| 12098 | JRP Brewis (jnr) | 23 | 17 | 55 |
| 12421 | A Fourie | 5 | 5 | 3 |
| 12223 | RJ Hattingh | 23 | 18 | 15 |
| 7499 | JJJ j/v Rensburg | 128 | 109 | 192 |
| 11336 | HF Möller | 69 | 63 | 75 |
| 11265 | TJC Senekal | 48 | 42 | 53 |
| 10767 | M Smit | 105 | 92 | 119 |
| 12373 | AJ v/d Merwe | 7 | 7 | 3 |
| 10489 | T van Rooyen | 73 | 55 | 32 |

| Gaste: | Saam met: |
|---|---|
| Pierre & Riana Grobler | T van Rooyen |
| Danie & Emma Visagie | T van Rooyen |
| Sampie Britz | T van Rooyen |
| Brian & Minethe Owen | Sateliet Bronberg * - (Aansoek ingesit vir oorplasing) |
| Jurie & Cornel Walker | Sateliet Bronberg * - (Aansoek ingesit vir oorplasing) |
| Cobus & Gina Brink | Sateliet Bronberg (Gaste) * - (Nuwe Bosveld Lede) |
| Gerhard & Sonja Beukes | Sateliet Bronberg (Gaste) |

Boekevat Vrydag-aand en Saterdag-aand: Oom Buks Möller
Erediens: Ashan Fourie

Boetebeampte: Sansie j/v Rensburg en Hettie van Rooyen
Stoutgat: Brian & Minethe Owen en Stefan

## Inhoud:

**Bladsy 1:**
Van die Redaksie
Nabetraging: Klein Paradys
Kamp Statistiek
**Bladsy 2:**
Voorsittersverslag
Lief en Leed
Webwerf Nuus
**Bladsy 3:**
Resep: (Presidente) Skurwe Jantjies
**Bladsy 4:**
Volgende Kamp: Dube
Belangrike Inligting
Bestuur Kontak Besonderhede



# Voorsittersverslag:

Dagsê Bosvelders,

Die winter is nou hier, demm koud in die oggende……

**21ste Verjaarsdag**

Soos in my vorige verslag vra ek weer vir hulp met borge.
Daar is besluit op 'n sosatie spitbraai. Daar is 40 staanplekke bespreek.
Ek vra mooi, laat weet wie kom. September is om die draai.

**Manyane kuierweek en naweek**

Tans is alle plekke vol, terloops oorvol. Onthou asseblief artikels vir die wit olifant tafel. Tong-in-die-kies, …. 84 waens wat bespreek het.

**Ledetal**

Weer eens - kom ons kyk, of beter kom ons wend 'n sterk poging aan om aktiewe lede te werf maar ook om van die lede wat "weg geraak" het weer terug te kry en te behou.
Hoe doen ons dit?: lewe SAWA se leuse vir die jaar ten volle uit **"KOESTER SAWA".**

**Bosveld bestuur**

Net 'n herhinnerrintjie soos my oorlede oom sou sê ons wag vir name vir die 2013 / 2014 bestuur.
Vul asseblief die nominasie vorms in en stuur dit vir my.

**Oord besprekings**

Voorstelle vir volgende jaar, dis nou 2014 word ingewag. Indien julle weet van nuwe oorde skree asseblief dat ons kan kyk hoe lyk hulle.

Van my kant af 'n spesiale dank aan Roelf Jnr vir die ontwerp van ons nuwe emblem, banier, streek plaatjie en meriete plaatjies. Die eerste meriete plaatjies is die naweek uitgegee en die "Welkom by Bosveld" banier asook die "21ste" banier is reeds klaar en diegene wat die naweek saamgekuier het is baie in hulle skik met die nuwe goete.

Dan ook 'n groot dank aan almal wat die potjiekos kompetisie gereel het, dit was 'n groot sukses. Tannie Lettie, potjie maak is toe nie so moeilik nie. Moet net nie weer die oord se lemoene vaslê nie!!!
Aan almal wat deel geneem het baie dankie, julle is tops, net jammer Talbot jaag my van sy pot af weg, wou net kyk man, …..

Bosveld groete.

JJJ van Rensburg.






# SAWA op die Web

Vir belangrike inligting en foto's van kampe, gaan loer gerus op ons facebook bladsy, julle kan ons link aan van julle eie kamp-foto's ook
Gaan loer ook op SAWA se webtuiste vir allerlei interessante artikels, foto's, resepte en nog vele meer.

Ons probeer om al ons kampe se foto's op facebook te sit om die grootte van die boekie, asook die druk-koste te verminder.

SAWA se webtuiste:
www.sawa.org.za

Vir SAWA Bosveld se Facebook bladsy, soek net vir:
SAWA Bosveld.

Gaan Like Ons

Wees seker om ons te nooi as 'n vriend en te "Like"

SAWA Webtuiste | Bosveld Webtuiste | Bosveld Facebook






# Lief en Leed

**Lief:**

Boetie en Charmaine Smit se dogter het getrou.
Mannetjies en Elmarie Hough is 'n dogtertjie ryker.
Rina du Toit sterk goed aan na haar operasie.
Bosveld het 3 nuwe lede gekry.
Ons wens almal wat verjaar baie geluk.

**Leed:**


Hester Miller het 'n familielid aan die dood afgestaan.
Diegene wat siek of ontsteld is wens ons beterskap toe.

# (Presidente) Skurwe Jantjies

*Resep*

BESTANDELE:

12 {500g} Enterprise Gerookte / Rooi of hoender Worsies
12 Sosatie Stokkies
280g Bruismeel
2 Eiers
10ml Sout
500ml Water
Olie vir Diepvetbraai



METODE:

- Verhit Olie
- Steek die Stokkies in die lengte deur elke Weense Worsie
- Droog die Weense Worsie met kombuispapier
- Sif die Meel, en Sout Saam, Meng met die Water en Eiers tot 'n Beslag.
- Doop elke Weense Worsie in ekstra Meel en doop dit dan in die beslag
- Bak in die verhitte olie tot dat die beslag krakerig en gaar is.
- Bedien met Mosterd, Mayonnaise of Soetrissie Sous of Pak dit net so in hul Kosblikke..

*** Wenk: Julle kan die vorige aand se boerewors ook maak met hierdie beslag wat selfs die ou manne sal laat smeek vir nog...




# Belangrike Inligting:

Ek wil graag net die volgende belangrike items aanraak:

1: Terugvoering van Gebeidsvergadering van 24 April 2013:
- Ons nuwe embleem, plaatjies en banier is goedgekeur by die gebied, en ons wag nou net om finale goedkeuring te kry vanaf NUB.
- Sateliet Bronberg het aansoek gedoen vir Streek-Status, gebied het dit goedgekeur en hulle sal as amptelike streek bekend staan na 2 NUB vergaderings.
- Wintersaamtrek te Warmbad, 14 tot 17 Junie 2013
  Ek het alreeds besprekingsvorms deurgestuur, indien enigeiemand nie gekry het nie, kontak my gerus dan stuur ek weer een deur.

2: Bosveld se 21 ste Verjaarsdag.
- Bestuur is tans kliphard besig met die reëlings van die naweek.
  Bestuur sal kortliks op van julle knoppies druk vir hulp.
  Ek wil net graag 'n versoek rig, dat as julle iemand ken, of self 'n borg of skenking wil maak vir die funksie, kontak ons asseblief.
  Ons is dringend op soek na borge vir items om uit te veil ens...

3: Manyane
- Ons is ongelukkig vol met besprekings by Manyane, indien julle wil uitvind, kontak JJJ dan sal hy kyk of daar al n plek oopgegaan het.

4: Nuwe Hemde
- Die naweek wat verby is, het almal vir my gesê hulle soek so hemp soos ek het... Hierdie hemp het ek net as 'n proef gemaak, en die terugvoering was baie goed.
  Ek wag net weereens vir goedkeuring by NUB en pryse op die hemde, sowel as die koste om dit te borduur dan sal ek dit deurgee.
  Vir diegene wat nie van knoophemde hou nie, ons sal wel 'n oplossing vind, veral by die dames.
  Stuur julle voorstelle deur. Ons kleure is "Royal Blue" en Khaki.
  Sodra ek 'n voorbeeld het sal ek dit aan julle deurstuur.

5: Besluit vanaf NUB
- Die besluit vanaf NUB het deurgekom dat gaste slegs 2 maal teen SAWA ledeprys mag kom saamkamp, egter kon ons, na so bietjie soebat, so bietjie grasie kry na 3 kampe, ongelukkig, na die derde kamp betaal die gas of volle prys vir die naweek, of hy moet aansluit om die voordele te geniet.
  Ek vertrou dit sal aansporing gee om eerder nuwe lede te kan werf in SAWA Bosveld.

# Volgende Kamp: DUBE

Private Game Reserve

Ons volgende kamp is by Dube.
Die kamp is vanaf 24 tot 26 Mei 2013 en die Kampkoste beloop R 560.00 vir die naweek.

Die tema is weereens lekker Sjampanje-"Brunch" en ons gaan weer soos ons by die addisionele kamp laasjaar by Bosveld Oase tuisgemaakte "Roelf-Patties" (dit, vir diegene wat nie die kamp bygewoon het nie is basies 'n pattie met 'n gat is, waarin 'n eier gegooi en gaargemaak is).
Ons voorsien die Patties, julle moet maar net eiers, souse, "toppings" ens. saambring.

Staanplekke is weereens beperk, en julle moet my so gou as moontlik laat weet of julle die kamp gaan bywoon.
Ek het alreeds 10 Staanplekke wat bespreek is en slegs 5 staanplekke oor.

Betaal asseblief alle kampgelde in Bosveld se Rekening (Sien onder vir besonderhede) en stuur dan die bewys van betaling of aan my, of aan Hettie.

Ons kamp-kommandante is Hettie Brewis en Martie Smit indien julle enige vrae het.

Gaan loer gerus op hulle web-blad by: www.dubegame.co.za

Ons hoop ons sien julle daar.

SAWA Bosveld Bank Besonderhede:

Standard Bank Montana
Naam van rekeninghouer: SAWA Bosveld
Rekening Nommer: 20-03-93-32-4
Tak Kode: 01-5945-00
Tipe Rekening: Tjek

Fax Nommer: (012) 252 7934



# Bestuur

Kontak Besonderhede van Bestuurslede:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Voorsitter: | JJJ van Rensburg | 079 692 1817 | j3vr@vodamail.co.za |
| Ondervoorsitter: | Roelf Brewis (Jnr) | 082 689 6519 | rbrewis.rio@gmail.com |
| Sekretaresse: | Martie Smit | 082 411 6906 | mmesmit@telkomsa.net |
| Penningmeester: | Hettie Brewis | 082 442 2671 | rbrewis@telkomsa.net |
| Addisioneel: | Andre j/v Rensburg | 083 449 8281 | Andre.vanRensburg@up.ac.za |
| | Hester Miller | 072 947 9277 | |
| | Theo Senekal | 084 657 6369 | theos@execmail.co.za |
| | Danie v/d Nest | 083 419 7308 | danievdnest@gmail.com |
| Seniorburger Verteenwoordiger: | Buks Möller | 082 462 2100 | |
| Redakteur: | Roelf Brewis (Jnr) | 082 689 6519 | dieskadukol@gmail.com |
| Proeflesers: | Lizelle Brewis & Hettie Brewis | | |